# KERK by 'n KRUISPAD Week 1

## Inleiding

Die boek Openbaring is 'n **vreemde en moeilike boek** wat vertel van aangrypende drome en vreemde visioene en daarom lees ons dit swaar.  Maar dit is geskryf **vir die kerk wat in 'n baie moeilike tyd wou oorleef.** Die kerk en gelowiges was arm en eenvoudige mense, wat vervolg is, ekonomiews en polities uitgeskuif is en selfs in sommige gevalle doodgemaak is vir hulle geloof

> **As jy aan die boek Openbaring dink, waaraan dink jy?** (Gee vir elkeen kans om hulle opinie te gee)

Met hierdie reeks gaan ons probeer om deur die boek Openbaring te werk om by moontlike antwoorde en verklarings uit te kom.

## Skriflesing:  Openbaring 1

Lees die hele eerste hoofstuk deur en **gee genoeg tyd vir elkeen om te sê wat hulle getref het**, wat hulle raakgelees het wat vir hulle vreemd of opwindend is.

> (*Dit is belangrik om nie te probeer om te gou antwoorde en verklarings te probeer gee nie, om toe te laat dat die Bybel maar met mense werk en dat ons soms mag sê dat ons dalk nie nou al 'n antwoord en verklaring het nie, maar kom ons gee tyd vir die reeks om van die sake waarmee ons worstel aan te spreek en dalk iewers vorentoe vor ons antwoorde te gee....*)

**Johannes plaas in die eerste hoofstuk geweldig baie klem op Jesus**, want dit is die eerste wat hy wou hê mense moes hoor.  Wat lees julle raak oor Jesus in Openbaring 1? (*Daar staan in elke vers omtrent iets belangrik oor Jesus – fokus baie sterk daarop*)

- **v 1**
- **v 2**
- **v 4**
- **v 5**
- **v 6**
- **v 7**
- **v 8**

(Alpha en Omaga is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet)

- **v 9**

- **v 12-13 (v 20)**

(Staanlampe verteenwoordig 7 gemeentes, die kerk)
(lang kleed en goue band = koninklike en priesterlike klere – wat doen koning en wat doen priester?)

- **v 14**

(wit verteenwoordig reinheid, vuur teken van suiwering, skoonmaak)

- **v 15**

(geelkoper verteenwoordig egtheid
Watermassa verwys na die oorvloedigheid van sy woorde)

- **v 16 (v 20)**

(swaard verteenwoordig die Woord)

- **v 17**

- **v 18**

(sleutels sluit oop en toe – wat?)

**Waarom dink julle praat Johannes aan die begin van die boek so baie oor Jesus,** of wil hy so graag vir sy eerste lesers **hierdie prentjie van Jesus teken?**

*(Hierdie boek gaan ten diepste oor Jesus, oor wie Hy is en wil wees – nie oor die wêreld, of ons probleme, of oor die kerk, of oor allerhande vreemde voorspellings oor die toekoms nie!)*

**Wat leer jy hieruit oor hoe Jesus is?**

**Hoekom is dit belangrik om altyd Jesus in die kern van ons lewens te hou?**

**Openbaring wil jou uitdaag oor jou verhouding met Jesus** – kom ons praat heel eerste daaroor, niks is belangriker as dit nie: **Waar staan jy met Jesus?**

## Voorbidding

**Bid vir 3 sake**

1. **Loof God vir hoe Jesus is.** Gee vir elkeen kans om die Here dankie te sê vir een saak wat jou vanaand getref het.

2. **Wees eerlik met die Here oor waar jou verhouding met Hom op hierdie oomblik is.** (Dalk kan dit in stilgebed wees... gee tyd daarvoor)

3. Bid vir Corne en Angela